# Landelike Veiligheidsplan

*"Elke boer, plaaswerker en landelike gemeenskap verdien om veilig te wees."*



## Inhoudsopgawe:

**1.** Inleiding
……………………………………………………………………………………………………………………………………3

**2.** Voorgestelde oplossing
……………………………………………………………………………………………………………………………………4

**3.** Landelike ondersteuningsnetwerke
……………………………………………………………………………………………………………………………………9

**4.** SAPD-strukture
……………………………………………………………………………………………………………………………………13

**5.** Gevolgtrekking
……………………………………………………………………………………………………………………………………16



## 1. INLEIDING

Landelike veiligheid is ’n kwessie wat **elke lid van die landelike gemeenskap raak**. Polisiestasies in landelike gebiede is gewoonlik sentraal geleë, maar hulle voedingsareas strek dikwels oor honderde kilometers en gevolglik ontbreek effektiewe polisiëring.

**Sigbare polisiëring** is byna onmoontlik, want polisiebeamptes is dikwels onbekend met die terrein en gebied waarin hulle werk. Suid-Afrikaans Polisiediens (SAPD)-opleiding is dikwels gemik op die bekamping van stedelike misdaad en beamptes het nie die nodige kennis en vaardighede om landelike gebiede voldoende te beveilig nie.

Dis om hierdie rede wat die **Demokratiese Alliansie (DA) ’n werkbare landelike veiligheidsplan** ter tafel lê om die uitdagings in ons landelike gemeenskappe aan te spreek. Die plan is opgetrek sodat dit binne die huidige wetgewende raamwerk kan pas en binne die grense van die bestaande landelike veiligheidstrategieë val.

Die DA se plan sal verseker dat elke boer, plaaswerker en landelike gemeenskap se veiligheid gewaarborg word.

***Demokratiese Alliansie***
Oktober 2019



## 2. VOORGESTELDE OPLOSSING

Spesifieke landelike afdelings moet geskep word rondom die polisiestasies wat ’n spesifieke area bedien. Elke stasie wat ’n landelike gebied bedien, moet **ten minste een landelike afdeling** hê as deel van sy afdelingsplan en -struktuur. Stasies wat groter gebiede of hoofsaaklik landelike gebiede bedien sal verplig word om die area in verskeie, hanteerbare polisiërings-afdelings **op te deel**. Elkeen van dié afdelings sal ten minste een SAPD-lid hê wat as afdelings-bevelvoerder dien en sodoende in pas sal wees met bestaande polisiëringsnorme. Hierdie is **nie ’n nuwe konsep nie** en is, in beginsel, hoe landelike polisiestasies hulle pligte behoort uit te voer.

Nadat al die landelike gebiede in Suid-Afrika in afdelings opgedeel is, sal elke afdeling uiteraard **mannekrag** benodig, aangesien sigbare polisiëring ’n uiters doeltreffende afskrikmiddel vir misdadigers is**. Polisiebeamptes wat sigbaar is** in gemeenskappe moet eerste op die toneel wees as ’n misdaag gepleeg is.

Weens **te veel beamptes in die bestuurstrukture** van die SAPD (en te min beamptes om gebiede te patroleer) sal die diens **nie ’n span beamptes aan elke afdeling kan toeken nie**. Die huidige strategie is ook baie rigied en word vanaf ’n nasionale en provinsiale vlak bestuur.

Die inwoners van landelike gemeenskappe **ken die areas waarin hulle bly** en baie bly hulle hele lewe lank in dié gemeenskappe.

Dis al bewys dat **gemeenskapspolisiëring** ’n suksesvolle afskrikmiddel teen misdaad is, veral as inwoners verwantwoordelikheid neem en op die uitkyk is vir mekaar se veiligheid. **Gemeenskapsbetrokkenheid is absoluut noodsaaklik** in die SAPD se stryd teen landelike misdaad. Nasionale- en provinsiale strategieë neem nie altyd unieke **plaaslike uitdagings** in ag nie en dit is om hierdie redes dat soortgelyke planne dikwels misluk.



Dit is juis om hierdie rede wat die DA ’n benadering voorstel waar strategieë deur inwoners bepaal word en **nie iets is wat op hulle afgedwing word nie**. Nasionale en provinsiale strategië sal steeds uitgereik word, maar die hierdie planne sal **uitsluitlik van toepassing wees op die plaaslike- en distriksstukture**. “Distrik” verwys hier na die voedingsarea van die betrokke polisiestasie.

Distrikte sal die mag hê om hulle eie landelike veiligheidsplanne op te trek wat in lyn is met nasionale- en provinsiale strategieë. Op hierdie manier sal stasiebevelvoerders en ander plaaslike belanghebbendes geredelik insae kan lewer om planne voortdurend aan te pas.

Op plaaslike vlak sal **Landelike Gemeenskap Polisiëringsgeenhede** (LGP-eenhede) gestig word. ’n Eenheid sal gestig word vir elke polisiestasie wat ten minste een landelike afdeling bedien. Die LGP-eenhede sal bestaan uit vrywilligers vanuit die plaaslike gemeenskap wat die SAPD in die landelike gebied sal ondersteun. **Vrywilligers kan by hulle plaaslike LGP-eenheid aansluit** en hulle dienste sal slegs gebruik word binne die grense van die betrokke polisiestasie. Elke vrywilliger sal ’n bydrae maak op grond van wat moontlik is vir die individu. Die oogmerk is dat geen persoon wat oor die nodige **sekerheidsklaring** beskik, die reg ontneem word om deel te wees van die stryd om ons landelike gebiede te beveilig nie.

Vrywilligers sal toegelaat word om in een van die volgende kategorieë:

- Reserviste in LGP-eenhede;
- Ondersteuningslede in LGP-eenhede (insluitende kenners en spesiale deskundige lede);
- Aanvullende lede in LGP-eenhede;
- Landelike gemeenskapsvrywilligers; en,
- Bestaande gemeenskapspolisiëringsforums.



## 2.1 Reserviste in LGP-eenhede

Reserviste in LGP-eenhede sal op ’n soortgelyke manier funksioneer as die **huidige SAPD-reservistestelsel**. Hierdie kategorie sal ’n spesifieke minimum standaard vasstel waaraan voornemende lede moet voldoen. Heirdie lede sal **gespesialiseerde landelike polisiërings-opleiding** ondergaan, asook opleiding in die gebruik van vuurwapens en toegelaat word om SAPD-voertuie te bestuur. Hierdie reserviste sal die spreekwoordelike **“deeltydse landelike polisiebeampte”** wees en sal die ruggraat van die LGP-eenhede vorm. Hierdie lede sal die SAPD in landelike gemeenskappe aanvul en hulle take sal die volgende insluit:

- Sigbare polisiëring (patrolering);
- Eerste reaksie op noodoproepe (van beide 10111 en vanaf die voorgestelde gemeenskapstelsel);
- Enige verdagtes te arresteer; en,
- Deel te neem aan spesiale SAPD landelike veiligheidsoperasies.

## 2.2 Ondersteuningslede in LGP-eenhede (insluitende kenners)

Hierdie lede sal steeds geregistreer word as landelike reserviste, maar sal hulself beskikbaar stel vir **’n spesifieke doel of taak**. Hierdie kategorie sal diegene insluit wat graag vrywilligers wil wees, maar wat nie in staat is om ’n vuurwapen te hanteer nie (of nie bereid is om een te dra nie). Hierdie kategorie sal ook vrywilligers insluit wat dalk nie aan die streng voorvereistes van reserviste voldoen nie. Kenners met spesifieke vaardighede of deskundigheid wat onontbeerlik is vir landelike polisiëring, sal ook akkommodeer word hier.

Spesifieke funksies soos drywers, radiobeheerkamer-operateurs en aanklagkantoor-personeel is van die take wat hierdie kategorie sal vervul. Hierdie lede mag ook **saam met landelike reserviste hulle pligte uitvoer**, maar dit sal beperk word tot:



- **Sigbare polisiëring** (onafhanklik en saam met reserviste en SAPD-lede);
- **Eerste reaksie op noodoproepe** (maar net om die toneel te beveilig tot reserviste en die SAPD opdaag);
- Die **arrestasie van verdagtes op die toneel**, met beperkte regte om hulle aan te hou; en,
- **Deelname** aan spesiale SAPD landelike veiligheidsoperasies.

LGP-ondersteuningslede sal, in sekere omstandighede, kan aansluit as ’n **spesialis-reservis op distriksvlak**, wat ’n afwyking is van die stasie-vlak indienstreding waarop hierdie model staatmaak. Hierdie lede, met **bewese vaardighede** in sekere areas, soos vlieëniers, drywers, paramedici of hommeltuigoperateurs, sal hul vaardighede kan aanwend **onder die toesig en bevel van die SAPD se distrik-landelike veiligheidseenhede**.

In bepaalde omstandighede sal hierdie reserviste toegeken word aan spesifieke komponente van hul distrik-landelike veiligheidseenheid (DLVE).

### 2.3 LGP-ondersteuningslede

LGP-ondersteuningslede sal ook as landelike reserviste optree, maar beskik nie noodwendig oor enige spesiale vaardighede nie. Hierdie lede sal hoofsaaklik as **“stewels op die grond”** funksioneer en sal ten alle tye onder die leiding en toesig van ’n landelike reservis of SAPD-lid funkisioneer. Hul pligte sluit in:

- Sigbare polisiëring ter ondersteuning van reserviste en lede van die SAPD;
- Eerste reaksie op noodoproepe, maar slegs om die toneel te beveilig in afwagting van ’n reservis of die SAPD-reaksie;
- Arrestasie van verdagtes op die toneel, met geen reg om te verdagtes agterna te sit nie; en,
- Deelname aan spesiale SAPD-landelike polisiëringsoperasies.

### 2.4 Landelike gemeenskapsvrywilligers

Hierdie lede sal nie as reserviste funksioneer nie, maar sal eerder die rol vervul van ’n **landelike buurtwag**. Hierdie lede sal nie gespesialiseerde opleiding ontvang nie en sal in wese funksioneer as die **oë en ore** van die SAPD en LGP. Hierdie vrywilligers sal ’n netwerk vorm met bure op **soortgelyke wyse as die bestaande SAPD se GPF-riglyne** en sal enige verdagte aktiwiteite aan die groter landelike sektor aan die LGP en die SAPD rapporteer.



LGP’s se primere funksie sal verskil afhangede van die **behoeftes van die spesifieke plaaslike polisiestasie** of die landelike gemeenskap se spesifieke behoeftes. Hierdie funksies sal na die goeddenke van die sigbare polisiëringsbevelvoerder, met die goedkeuring van die stasiebevelvoerder en die betrokke distriksvlak sigbarepolisiëringsbevelvoerder, en onderhewig aan die behoeftes en aard van die gebied wat bedien word, insluit:

- Plaaspatrollies;
- Voetpatrollies of plasings in geïsoleerde gemeenskappe;
- Veediefstal-voorkoming en opspoor van vee;
- Soek en redding;
- Buite-en landlooppatrollies;
- Grenspatrollies; en,
- Padblokkades.

### 2.5 Bestaande gemeenskap-polisieringsforums

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sluit gemeenskap-polisiëringsforums (GPF’s) ook burgerlike forums of groepe in wat nie in ooreenstemming met die SAPD se GPF-model opgerig is nie. ’n **Geïntegreerde gemeenskap-polisiëringsnetwerk** is ’n effektiewe afskrikmiddel vir kriminele aktiwiteit in enige area. Hierdie netwerke het ’n bewese suksesrekord, beide in stedelike- en landelike gebiede, en neem verskeie vorms aan, van **plaas- tot buurtwagte.**

Aangesien hierdie voorgestelde landelike veiligheidsmodel afhanklik is van gemeenskapsdeelname, sal GPF’s van onskatbare waarde wees in die stryd teen misdaad. Hierdie forums word gereeld georganiseer en **toegerus op ’n soortgelyke manier** as dié wat hier voorgestel word en het ’n goeie verhouding met hul plaaslike SAPD.



Hierdie model poog nie om enige landelike GPF’s wat reeds bestaan te vervang nie, maar stel eerder die vrywillige inlywing van hierdie entiteite in die LGP-model voor. Hierdie model is gefokus op **sektorpolisiëring**, wat in lyn is met die ruimtelike organisasie van GPF's in landelike gebiede, wat meebring dat die **meeste plattelandse GPF's effektief in die LGP-struktuur vir ’n spesifieke stasie as ’n volledige sektorkomponent opgeneem kan word**. Hierdie entiteite sal slegs baat by inskakeling in die groter LGP-model, aangesien hulle deel sal uitmaak van ’n direkte rapporteringslyn met die SAPD. Integrasie sal ook ander vorme van **SAPD-ondersteuning** meebring, soos toerusting, organisatoriese ondersteuning, finansiële ondersteuning en ’n geïntegreerde landelike polisiëringsstrategie.

## 3. Landelike ondersteuningsnetwerke

Ondersteuningsnetwerke is belangrik vir die funksionering van ons landelike veiligheidsplan en sal insluit:

- Landelike burgerband-eenhede en radiokamers;
- Landelike polisiëring deur middel van hommeltuie; en,
- Finansiële ondersteuning.

### 3.1 Landelike burgerband-radionetwerke en radiokamers

’n Belangrike vereiste vir die werking van LGP’s en landelike sektore is die vestiging van ’n **landelike radionetwerk vir elke stasie**. Hierdie burgerband-netwerk (BB) het slegs toegang tot ’n spesiale landelike veiligheidskanaal en het geen toegang tot amptelike SAPD-radiofrekwensies of -kanale nie. Hierdie BB-netwerke sal beheer word deur ’n landelike **radiokanaal-radiokamer**, geleë op stasievlak en bestuur deur ’n lid van die plaaslike LGP.



Om die doeltreffende werking van hierdie netwerk moontlik te maak, sal **BB-radiostelsels toeganklik gemaak word aan alle huishoudings** in landelike gebiede. Lede van 'n plaaslike LGP sal ook toegelaat word om hierdie stelsels in hul voertuie te installeer en toegang tot die netwerk deur middel van handtoestelle kry om te verseker dat hierdie geïntegreerde netwerk nie deur mobiliteit beperk word nie. Hierdie stelsels sal aangekoop moet word, maar sal sterk gesubsidieerd wees. Die ideaal is om te verseker dat elke landelike huishouding geïntegreer word in ’n omvattende en toeganklike netwerk vir die omgewing waarin hulle woon.

Diegene wat toegang tot hierdie stelsel het, kan **verdagte aktiwiteite of veiligheidsrisiko’s identifiseer**, wat deur die LGP-radiokamer aan LGP- en SAPD-lede in die omgewing gestuur word, wat op hul beurt reageer op die verslag. Hierdie radiostelsel kan ook gebruik word vir ’n oproep twee keer per dag aan en deur alle lede in ’n spesifieke sektor, afhangend van hoeveel lede in ’n spesifieke sektor aanwesig is.

Hierdie radionetwerk sal toelaat dat noodoproepe direk na LGP-lede gestuur word sonder dat die 10111-lyn nodig is. Met LGP-lede wat gespesialiseerde kennis van die gebied het en selfs die oproeper het, sal die reaksietyd tot die minimum beperk word. Lede met BB-toegang sal ook hierdie oproepe hoor en kan kies om te reageer as die oproep naby is. Hierdie netwerk sal nie net sorg dat diegene wat hulp nodig het onmiddellik gehoor word nie, maar dat **landelike gemeenskappe effektief nader kan kom in kommunikasie met mekaar, die LGP en die SAPD** ten opsigte van veiligheidsaangeleenthede.

### 3.2 Landelike polisiëring deur hommeltuie

Regoor die wêreld het polisiëringsagentskappe **onbemande lugvaartuie (OLT’s) en tegnologieë vir hommeltuie** omarm in wetstoepassing. Terwyl OLT’s toenemend lyk soos konvensionele vliegtuie in grootte en oorwegend vir militêre doeleindes gebruik word, is hommeltuie nie net kleiner nie, maar ook goedkoper en makliker om te onderhou en te bestuur en het veel minder infrastruktuuruitleg nodig.



Hommeltuie wat in landelike gebiede vir polisiëring gebruik word, kan ’n reuse-voordeel inhou vir sowel **aktiewe as reaktiewe polisiëring**. Hommeltuie het nie slegs die vermoë om soortgelyke konvensionele doelstellings vir sigbare polisiëringsfunksies na te streef nie, maar kan selfs **beter wees as konvensionele polisiëring in baie gebiede**.

Hierdie toestelle kan vir lang periodes oor ’n gebied werk sonder om ”moeg” te word en kan selfs geprogrammeer word om sekere gebiede outomaties te patrolleer en te monitor. Misdaadareas kan geprioritiseer en gemonitor word om te verseker dat potensieële gevalle van misdaad aangespreek word nog voordat die misdaad plaasvind.

Terwyl ’n patrolliebeampte gekniehalter kan word deur bloot te wag dat hul ’n spesifieke gebied verlaat, kan ’n krimineel moontlik nie eens weet of ’n hommeltuig tans ’n gebied monitor of nie. Die deurlopende moontlikheid dat die SAPD die area dophou kan **misdadigers heeltemal afskrik**.

Desnieteenstaande die proaktiewe funksie van hommeltuig-polisiëring sal hommeltuie van onskatbare waarde wees in die agtervolging van ’n verdagte waar daar wel ’n oortreding began is. Met die voorgestelde geïntegreerde BB-radionetwerk wat landelike inwoners in direkte verbinding met die plaaslike LGP- en SAPD-komponente geplaas word en kan inligting uit die gemeenskap hommeltuig-aktiwiteite inlig op so manier dat verdagtes spoedig en suksesvol geïdentifiseer, agtervolg en vasgetrek kan word voordat ’n reaksie-eenheid op die toneel arriveer.

Deur hommeltuie toe te rus met **termiese beelding, nagvisie, of infrarooi beeldingstegnologie**, word die kapasiteit geskep om verdagtes te identifiseer en te agtervolg in die mees ongure weersomstandighede en stikdonkerte. Die ontplooïng van landelike Polisie Hommeltuigspanne sal dit **onmoontlik maak vir misdadigers om weg te kruip** in die groot oop ruimtes van die Suid-Afrikaanse platteland.



Hommeltuigoperateurs hoef nie slegs gewerf te word uit die geledere van die SAPD nie. Suid-Afrikaners raak toenemend tegnologies ingelig en -bedrewe, en **individue met digitale- en tegniese kennis of belangstelling kan aansluit by ’n LGP-eenheid** as ondersteuningsreserviste as hommeltuigoperateurs, en sodoende hul mede-reserviste en SAPD lede van hulp wees.

Terwyl die Demokratiese Alliansie die onskatbare bydrae wat SAPD lede lewer in die beveiliging van ons land erken, en nooit enige polisiebeampte met ’n masjien sal wil vervang nie, moet ons ook oop wees tot die **waarde wat hommeltuigtegnologie** kan bydrae tot die SAPD, LGP-eenhede, en ander polisiëringsentiteite se pogings om ons landelike gemeenskappe te beveilig.

### 3.3 Finansiële Ondersteuning

As gevolg van die uitdagings en opofferings wat die werk van landelike beveiliging sal vereis van gemeenskapslede wat deel vorm van LGB-eenhede, is dit net regverdig dat hul **finansiële ondersteuning vir hul dienste** ontvang.

In landelike areas staar die SAPD geweldige logistieke probleme in die gesig. Reserviste in LGP-eenhede wat gevolglik hul eie voertuie en toerusting gebruik vir patrollies en operasies moet **vergoed word vir uitgawes aangegaan** in die uitvoering van hul pligte.

Landelike reserviste sal ook geregtig wees op **’n toelaag vir die ure wat hulle aan amptelike LGP-eenheid bedrywighede spandeer**. Die rasionaal hieragter is eenvoudig. In die eerste plek verskaf dit ’n vorm van **inkomste**, hoe klein dit ookal mag wees, aan plattelandse inwoners wat moontlik geen ander ekonomiese vooruitsigte het in die areas waarin hul woon nie. Dit sal gevolglik ’n welkome **bydrae tot die landelike ekonomie** lewer in die vorm van edele lewensmiddele wat andersins buite bereik sou wees.



In die tweede plek sal die betaling van ’n toelaag in die platteland **die balans ten gunste van wet en orde** laat swaai. Suid-Afrikaners is oor die algemeen wetsgehoorsaam. Die betaling van toelae vir reserviste sal gemeenskapslede **aanmoedig om aan te sluit by hul plaaslike polisie-strukture**. Dit sal nie net die geledere van die plaaslike polisiemagte vergroot nie, maar terselfdertyd die poel van mense wat vanweë omstandighede vatbaar is vir werwing tot misdadige aktiwiteite of –netwerke, verklein. Landelike Suid-Afrikaners sal hierdeur sterker weerstand kan bied teen sulke tipe werwing.

Laastens sal die LGP-eenheid reservistestelsel ’n **geredelike intrede tot die SAPD** verskaf vir persone wat belang stel in ’n beroep in die polisie. Reserviste wat op ’n permanente basis by die SAPD wil aansluit sal voorkeurtoegang geniet, wat gemeenskapslede van waardevolle beroepsmoontlikhede sal voorsien.

Die SAPD en LGP-eenhede sal **saamwerk om bestaande privaat-sekuriteitsdienste en –infrastruktuur, soos kameras en patrollies, te deel** ten einde ’n beter gekoördineerde reaksiekapasiteit op insidente te hê.

## 4. SAPD-STRUKTURE

Dit is belangrik dat die landelike veiligheidsplan nou skakel met bestaande SAPD-strukture. Die onderstaande verskaf ’n opsomming van hoe hierdie doelwit bewerkstellig sal word.

### 4.1 Streekseenhede vir Landelike Beveiliging

Dit sal nie regverdig of voldoende wees om landelike beveiliging alleenlik oor te laat aan plaaslike polisiestasies en burgerlike vrywilligers nie. **Landelike Beveiligingseenhede (LB-eenhede) sal op streeksvlak in die SAPD gestig word**, wat uitsluitlik deur permanent SAPD-lede en spesialis-ondersteuningslede van die LGP-eenhede beman word. Die LB-eenhede sal ’n **blitsreaksie funksie vervul** en ooreenkomstig opgelei en toegerus word.



Die LB-eenhede sal ook **landelike veiligheidsoperasies beplan en uitvoer**, onder welke omstandighede en vir welke doeleinde hulle beheer oor alle plaaslike LGP-eenhede sal oorneem. Enige gekoördineerde landelike veiligheidsoperasie wat op nasionale- of provinsiale vlak van stapel gestuur word, sal deur die LB-eenheid uitgevoer word, en sal hulle gevolglik staatmaak op **bystand en samewerking van provinsiale polisiëringskomponente,** soos die honde-eenhede, lugvleuleenhede en gespesialiseerde berede eenhede.

’n Onontbeerlike komponent van enige landelike veiligheidsplan is **opvoeding**. Die LB-eenhede sal nie slegs getaak word met **aktiewe beveiliging** nie, maar ook ’n sekondêre rol speel deur seker te maak dat plattelandse gemeenskappe in hul onderskeie streke **op hoogte gehou word met die jongste beveiligingsmaatreëls en beste beveiligingspraktyke**. Die LB-eenhede sal voorts ook bewustheid skep oor die rol en funksie van die LGP-eenhede, en as eerste kontakpunt dien vir enige voornemende LGP-eenheid reserviste.

Die LB-eenhede sal verantwoordelik wees vir die **optrek en implementering van streeks-gebasseerde landelike veiligheidsplanne**, welke planne in konsultasie met die stasiebevelvoerders en sigbare polisiëringshoofde van al die landelike stasies in die streek opgetrek sal word.

### 4.2 SAPD Provinsiale Landelike Veiligheidsdirektoraat (PLVD)

Op provinsiale vlak sal die **Provinsiale Landelike Veiligheidsdirektoraat** (PLVD) toesig hou oor die funksionering van LB-eenhede, as deel van die provinsie se sigbare polisiëringsplan.

Die PLVD sal voorts optree as koördineringsliggaam vir die opleiding van die lede van LGB-eenhede, welke opleiding op streeksvlak fasiliteer sal word.

Die PLVD sal onder die provinsie se sigbare polisiëringsprogram val, en die bevelvoerder in beheer hiervan moet die PLVD inkorporeer in die bestaande provinsiale bevelvoeringstrukture, wat weer invoer in die nasionale struktuur in.



### 4.3 Landelike Misdaadintelligensie-afdeling (LMIA)

Ten einde proaktiewe polisiëring so veel as moontlik te bevorder, sal die Landelike Misdaadintelligensie-afdeling (LMIA) as ’n komponent van die SAPD se Misdaadintelligensie-afdeling gestig word. Die SAPD se misdaadintelligensie-afdeling is reeds belas met die **naspeuring van misdadigers** en terugvoering aan die Staatsveilgheidsagentskap deur middel van die Nasionale Intelligensie Koördineringskommitees. Die stigting **van ’n gespesialiseerde LMIA** komponent sal van onskatbare waarde wees in die versameling, verwerking en verspreiding van inligting relevant tot landelike veiligheid.

Die LMIA komponent sal **hoofsaaklik op streeksvlak bedrywig** wees, waar inligting versamel, saamgevoeg en verskaf kan word aan die LB en LGB-eenhede. Die **misdaadintelligensie-netwerk** wat deur die LMIA in plek gestel sal word sal verseker dat ’n netwerk van **informante en wenkverskaffers** lig kan werp op die misdaadbedreigings wat landelike gemeenskappe in die gesig staar.

### 4.4 Akkomodasie binne bestaande strukture

Die model van LGB-eenhede met reserviste kan sonder enige wysigings aan bestaande wetgewing en regulasies of reservis-beleide akkomodeer word. Daar is dus geen rede waarom die SAPD nie onmiddellik hieraan kan begin werk maak nie. Die enigste aspek van bestaande reserviste-beleid wat moontlik hersien sal moet word is die **kwalifikasies en minimum vereistes** waaraan voornemende lede moet voldoen ten einde aan te sluit. Die bestaande vereistes sal deelname aan die LGB-eenhede beperk, en is waarskynlik reeds die speek in die wiel agter die huidige **rekord lae reservis deelname.** Die reservistediens moet toeganklik wees vir diegene wat graag ’n bydrae wil maak in die beveiliging van hul gemeenskaap, eerder as om toegang te beperk soos tans die geval is.



## 5. GEVOLGTREKKING

Hierdie plan beoog om **gekoördineerde gemeenskaps-georiënteerde polisiëring** deur plaaslike vrywilligers in die landelike areas daar te stel. Die model is aanpasbaar en sal die fokus terugplaas op die **unieke uitdagings** van verskillende landelike gemeenskappe, eerder as ’n enkele nasionale of provinsiale strategie wat van bo af op gemeenskappe afgedwing word deur ’n reeds opgeblase SAPD opdragstruktuur.

Met die klem wat die plan plaas op sigbare polisiëring en ’n **“stewels op die grond**” benadering, sal bestaande gapings in die landelike SAPD uitgelig word. Hierdie model sal verseker dat misdadigers nie meer die voordeel van geïsoleerde gemeenskappe het om hul aaklige dade te voltrek nie, omdat die plan hierdie gemeenskappe sal bemagtig om ’n verenigde front voor te hou teen die misdaadplaag wat hul lewens en welvaart wil bedreig.

Die model wat in hierdie dokument voorgehou word is **grondwetlik** en kan sonder om bestaande wetgewing te wysig toegepas word as ’n doeltreffende antwoord op landelike misdaad.

